

Tema: Liewer vir die duisternis as vir die lig?

Woordbediening: Johannes 3:1-21

Preekteks: *“En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos. Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie.”*

Dit skok ‘n mens. Is dit regtig so? Dat die mense die liewer kan wees vir “die duisternis” as vir “die lig”? Dat mense selfs “die lig” kan haat?

Net op die klank af klink dit al klaar dom. Hoekom sal mense so iets doen? Liefde vir die donker, maar haat vir die lig? As kinders is ons gewoonlik tog bang vir die donker en lief vir die lig. Selfs grootmense verkies lig bo donker. Hoekom verander dit nou?

“Die duisternis” waarvan die Here hier praat is die duisternis van sonde en onkunde. Hier op aarde word ons gebore en leef ons van nature in die duisternis daarvan. Dit is so natuurlik dat dit vir ons reg voel. Ons aanvaar die swaarkry en ellende wat elke dag nog aanhou as gevolg van die mag van sonde asof daar niks aan gedoen kan word nie. Ons dink die mensdom is nou maar eenmaal so en daar kan niks aan gedoen word nie.

Wanneer jy egter vir Jesus, die Seun van God, leer ken, na Hom luister en in Hom glo, word jy ‘n nuwe mens met nuwe insig en nuwe lewensrigting.

Eerstens beleef jy **die wonder van wedergeboorte**. Jou oë gaan oop, sodat jy die koninkryk van God kan sien. Met ander woorde, jy Heilige Gees neem besit van jou denke en lewe. Hy beheer en lei jou volgens die wil van God. Jy ervaar dat jy ‘n “nuwe mens” word. (Joh 3:1-8)

Tweedens beleef jy **die wonder van God se reddingsplan**. Die vloekdood wat Jesus moes deurmaak, ook vir al jou sondes, terwyl Hyself geen sonde gedoen het nie, spel vir jou net een ding uit: God het my/ons lief! (Joh 3:9-16)

Derdens beleef jy **die liefdesdrang om na “die lig” te kom**. Jy onthou wel nog hoe dit was toe jy die duisternis verkies het. Jy kon aangaan met jou ou lewe, al was jy besig om jou eie en die mense rondom jou se lewens te verwoes. Jy het dit gehaat om te hoor hoe verkeerd jy is. Maar nou beleef jy die teendeel. Jy onderwerp jou aan die soeklig van God se Woord. Jy weet en glo jy moet dit doen. Dis soos ‘n geestelike skandeerder wat vir jou wys waar die geestelik kwaad jou lewe wil inneem en verwoes.

Vierdens beleef jy ‘n **verwondering**. Jy weet jy is niks beters as ander nie. As dit van jouself afgehang het sal jy nooit onder God se skandeerder kom lê nie. En tog bly jy dit doen en ervaar jy dit as **God se genade te midde van sy oordeel**.